

Saterdag 6 November

Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-25

Fokusgedeelte: Jesaja 7:10-16
(1983-vertaling)

Vertrou op God se verlossing

Wanneer ons benoud benoud raak, gee God gereeld vir ons die versekering dat Hy in beheer is. Tog gebeur dit dat ons gaan soek na uitkoms op ons eie. Agas se benoudheid is geantwoord met 'n boodskap van God deur Jesaja en sy seun: "Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie!"

Maar Agas probeer sy eie verlossing bewerk deur vas te gryp aan iets anders – aan Assirië. Hiermee is daar 'n onmiddellike uitkoms van die bedreiging van die Arameërs en die Efraimiete. Tog het hierdie daad groter probleme veroorsaak vir Israel, want hy vermoei en beledig God daardeur. Agas wil nie iets van God se plan van verlossing weet nie.

Die teken wat Agas niks van wou weet nie, gee God wel. Immanuel, God is met ons. Maar in plaas daarvan dat hierdie eintlik 'n teken van verlossing is, is dit 'n teken van oordeel vir Agas. God wat getrou is, deur sy verbond altyd na te kom, openbaar aan gelowiges in tye van vrees en benoudheid: Moenie bang wees nie, ons Verlosser het reeds gekom, God is besig met sy verlossingsplan. Maar dieselfde Verbondsgod laat ons ook duidelik verstaan dat ons nie kan antwoord in ongeloof (vs 1-9) en skynheiligheid (vs 12-13) op die verlossende hand van God nie.

God gee vir ons verlossing in Christus, wat vir ons die absolute waarheid is dat God met ons is in alle omstandighede. In hierdie verlossingsplan van God stel ons ons vertrou.

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. J Cronje (Jaco) (Aliwal-Noord)